6 Februarie 2022

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

1 Korintiërs 15:1-11

ons **storie**
ys**breker**

Wat is 'fake news'?
Hoe besluit jy of iets geglo kan word of nie? Hoe weet jy of iets waar is of nie?
Wie sê die 'fact checkers' se 'facts' is waar?

word **stil**

Lees Ps 138 as 'n gebed. Lees *The Message* se weergawe.
Moenie dit bespreek nie.
Elkeen dink op sy/haar eie: hoe voel jy oor jouself wanneer jy dit lees?

GOD se **storie**
wat sê **die Bybel**

Lees saam
1 Korintiërs 15:1-11

As daar tyd is,
lees dit uit verskillende vertalings.

GOD se **storie**
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het. Raadpleeg NOUS se *Die Storie Agter Die Groot Storie* vir meer agtergrond info oor die gedeelte.
- Hoe help Paulus die 'fact checkers' in die gedeelte? Maw hoe maak hy seker dat ons kan weet dat Jesus regtig opgestaan het, dat dit nie 'n skyndood was of 'n spook nie?
- Waarna verwys die 'Skrifte'? Hoekom is dit vir Paulus en die ander dissipels so belangrik dat alles wat hulle sê gemeet moet word aan dit wat die Bybel (in daardie stadium was dit nog net die Ou Testament) sê?

- Wat beteken 'Hy het vir ons sondes gesterf?' Hoe werk dit? Hoe kan iemand anders *my* skuld betaal? Wat is 'plaasvervangende versoening'?
- Wat sê Paulus is die dinge wat ons moet glo? Probeer dit gou verduidelik asof die res van die groep dit *nie* glo nie.
- Watter bewyse is daar dat Jesus vandag nog leef? Watter bewyse is daar in jou lewe dat Jesus leef? Die feit dat Jesus opgestaan het uit die dood en jou skuld vir sonde betaal het moet jou lewe verander! Hoe verander dit jou lewe?

ons **nuwe storie**

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:

Paulus sê in vers 1 dat hulle in die evangelie 'gevestig staan'. The Message sê 'on which you took your stand'. Dis nie altyd maklik om vir die Here en die evangelie te 'staan' nie. Hoe kan ons mekaar help om vas te bly staan?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Hoe kan ons vir mekaar hierdie week bid?
Het enige iemand spesifieke gebedsbehoeftes? Teken dit aan.
Watter gebede wat julle hier genoem het, is reeds verhoor?